



eduresourceza.com



INTERNASIONALE SEKONDÊRE SERTIFIKAAT-EKSAMEN
MEI 2023

REKENINGKUNDE: VRAESTEL I

Tyd: 2 uur

200 punte

INLIGTINGSBOEKIE

HIERDIE BLADSY IS DOELBEWUS OOPGELAAT

VRAAG 1**VOORRAAD****(46 punte; 28 minute)****Inligting aangaande Simelane Traders**

Die inligting hieronder is onttrek uit die finansiële rekords van Simelane Traders, wat besit word deur Jabulani Simelane.

Simelane Traders spesialiseer in die koop en verkoop van "Party Box 310 – 240 watt draagbare Bluetooth-luidsprekers".	
--	--

Die onderneming gebruik die deurlopende voorraadstelsel. Simelane Traders pas te alle tye 'n vaste winsgrens van 30% op kosprys toe. Simelane Traders gebruik die EIEU-metode om hul voorraad te waardeer.

- Die volgende besonderhede hou verband met voorraad, aankope en verkope in die huidige finansiële jaar:

Datum	Besonderhede	Getal items	Prys per item R	Totaal R
1 Julie 2021 tot 30 Junie 2022	Totale verkope	?	?	?
1 Julie 2021	Beginvoorraad	22	?	205 381
	Totale aankope	530		5 865 775
1 Okt 2021	Kontantaankope	200	9 786	1 957 200
20 Jan 2022	Kontantaankope	200	10 252	2 050 400
15 Mrt 2022	Krediet aankope	55	12 815	704 825
20 Mei 2022	Krediet aankope	75	15 378	1 153 350
31 Jan 2022	Teruggestuur uit aankope van 20 Januarie 2022	(7)	10 252	(71 764)
30 Junie 2022	Netto aankope	523		5 794 011

- Die koeriermaatskappy wat voorraad van die verskaffer se pakhuis by Simelane Traders aflewer, vra R15,50 per item gekoop. Hierdie koste word **nie** ingesluit in die koopprys per item hierbo nie. Die beginvoorraadwaarde sluit egter vraggeld in.
- Op enige van die items wat teruggestuur word kan Simelane Traders nie 'n vermindering in die vraggeld eis nie.
- Vanweë plundery en diefstal wat gedurende die finansiële jaar plaasgevind het, het Simelane Traders 18 Bluetooth-luidsprekers verloor. Tien van die items was van die aankope op 1 Oktober 2021 en agt items was van die beginvoorraad op 1 Julie 2021.
- Die fisiese voorraadtelling op 30 Junie 2022 het getoon dat slegs 50 items voorhande was.

VRAAG 2**FINANSIËLE STATE****(57 punte; 34 minute)****Inligting aangaande Mulenga Bpk**

Mulenga Bpk is 'n maatskappy met gemagtigde gewone aandele van 2 000 000. Die maatskappy spesialiseer in die koop en verkoop van nuwe rekenaars en eksterne hardeskyfaandrywers.

Uittreksel uit die Na-aansuiweringsproefbalans soos op 30 Junie 2022:

Belegging in Farai Bank	2 877 000
Handelsvoorraad	2 980 665
Handelsdebiteure	5 965 279
Kontant en kontantekwivalente	4 230 041
Uitgestelde inkomste	2 741
Handelskrediteure	7 173 415
Ontvangbare lenings	109 000
Opgelope inkomste	47 399

BYKOMENDE INLIGTING:

- Die inkomstebelastinguitgawe van R155 780 vir die huidige finansiële jaar is bereken teen 'n koers van 25%. Die koers wat gebruik moes word is 30%.
- Op 28 Februarie 2022 is 'n afleweringsvoertuig vir 'n kontantprys van R120 714 verkoop. Die volgende besonderhede is uit die register van vaste bates verkry:
 - Kosprys, R213 000
 - Opgehoopte waardevermindering (1 Julie 2021), R76 680
 - Waardeverminderingkoers: 20% p.j. volgens die verminderendesaldo-metode. Geen inskrywings is gemaak nie.
- Die maatskappy het betaal vir 'n bemarkingsveldtog ter waarde van R3 390, wat op 31 Julie 2022 sal plaasvind. Die boekhouer het die kontantbetaling opgeteken en die transaksie is gedebiteer teen bemarkingsuitgawes en gekrediteer teen bank.
- Die maatskappy het besluit om die voorsiening vir oninbare skuld met R9 725 te verminder.
- Oor die volgende finansiële jaar sal Mulenga Bpk die kapitaalenkelbedrag van die lening by Makete Bank met 'n betaling van R243 036 verminder.

6. Gewone aandelekapitaal:

- Op 1 Julie 2021 was daar 940 900 uitgereikte aandele.
- 31 500 bykomende gewone aandele is op 25 Februarie 2022 teen R12,50 per aandeel uitgereik. Die bedrae wat ontvang is, is direk in die bankrekening van die onderneming gedeponeer en in die grootboekbankrekening opgeteken. Daar is egter ontdek dat die ooreenstemmende inskrywing weggelaat is uit die onderneming se rekening vir gewone aandelekapitaal.
- Op 28 Junie 2022 het die maatskappy 13 400 aandele teen R19,36 by die ontevrede aandeelhouders teruggekoop. Die boekhouer het nie die transaksie opgeteken nie, aangesien hy nie seker was hoe om die transaksie te hanteer nie.

7. Voorlopige inkomstebelastingbetalings aan SAID gedurende die huidige finansiële jaar het R59 080 beloop. Dit is opgeteken.

8. Dividende:

- Tussentydse dividende van 15 sent per aandeel is in Maart 2022 verklaar en aan aandeelhouders betaal. Hierdie transaksie is nog nie in die onderneming se rekords opgeteken nie.
- Finale dividende van 20 sent per aandeel is op 30 Junie 2022 verklaar. Aandele wat teruggekoop is kwalifiseer nie vir hierdie dividende nie.

VRAAG 3 KONTANTVLOEISTAAT**(55 punte; 33 minute)****Inligting aangaande Cules Bpk**

Die maatskappy word as 'n supermark bedryf.

- A. Uittreksel uit die Staat van Omvattende Inkomste (Inkomstestaat) vir die jaar geëindig 30 Junie 2022:

	R
Koste van verkope	126 817 000
Rente op verband	3 095 000
Waardevermindering	5 336 000
Netto wins ná belasting	5 762 880
Inkomstebelasting vir die jaar	2 241 120

- B. Uittreksel uit die Staat van Finansiële Posisie (Balansstaat) soos op 30 Junie:

	2022 R	2021 R
Vaste (tasbare) bates	30 380 000	24 524 000
SAID: Inkomstebelasting (Kt)	416 000	1 148 000
Behoue inkomste	15 016 000	13 141 000
Handelsdebiteure	3 921 000	4 106 000
Verband by Majozi Bank	27 577 000	35 396 000
Handelskrediteure	22 648 000	20 157 000
Handelsvoorraad	18 396 000	18 845 000
Bankoortrekking	1 221 000	2 095 000
Aandeelhouers vir dividende	78 000	112 000
Belegging in Barai Bank	15 642 000	20 697 000
Uitgawes betaalbaar	873 000	864 000
Gewone aandelekapitaal	6 061 000	6 710 000
Kontant en kontantekwivalente	7 950 000	12 114 000
Uitgestelde inkomste (Kommissie-inkomste)	2 921 000	3 103 000
Opgelope inkomste (Huurinkomste)	522 000	2 440 000
Vooruitbetaalde uitgawes (Versekering)	283 000	229 000

BYKOMENDE INLIGTING:

1. Bykomende vaste bates van altesaam R15 327 000 is gedurende die finansiële jaar gekoop.
2. Toerusting is gedurende die finansiële jaar teen die drawaarde daarvan verkoop.
3. Tussentydse en finale dividende vir die jaar beloop R2 228 680.
4. Daar was 275 500 uitgereikte gewone aandele op 30 Junie 2022.
5. Geen nuwe aandele is gedurende die jaar uitgereik nie. Aandele is egter op die laaste dag van die finansiële jaar teruggekoop.
6. Die bedrag vir die terugkoop van aandele is in die rekening vir behoue inkomste opgeteken as R1 659 200.
7. Rente op die verbandlening word gekapitaliseer.
8. Gedurende die jaar is 'n verbandleningterugbetaling van R14 628 000 gedoen. Dit sluit rentebetaling in.
9. Cules Bpk het ook sy verbandlening gedurende die jaar verhoog.

VRAAG 4**VERVAARDIGING****(42 punte; 25 minute)****Inligting aangaande Boots for Africa**

Boots for Africa is 'n onderneming wat in die vervaardiging van staalpuntveiligheidstewels vir gebruik in nywerheidsaanlegte en myne spesialiseer. Die onderneming is gebaseer in Umhlanga, noord van Durban, in KwaZulu-Natal, Suid-Afrika. Hul veiligheidstewels dra die SABS-stempel van goedkeuring en as gevolg hiervan het hulle kontrakte om stewels aan verskeie myne in Suid-Afrika te verskaf. Die onderneming pas 'n vaste winsgrens van 33½% op kosprys toe.

Fabrieksbokoste en administrasiekoste word as vaste koste beskou en ander koste is veranderlik.

Inligting:

1. Voorraadsaldo's:

	30 Junie 2022	1 Julie 2021
Direkte materiaal	72 900	80 100
Goedere-in-bewerking	?	1 233 000
Voorraad klaarprodukte	?	216 000

2. Arbeid:

- Direkte arbeid (bydraes ingesluit) het R1 023 797 beloop. Daar is egter ontdek dat die Lonejoernaal vir **die laaste week van Junie 2022** nie na die algemene Grootboek gepos is nie.
- Die onderneming het 20 fabriekswerkers in diens. Hulle word teen 'n tarief van R24 per uur (normale tyd) betaal en moet die volgende skofte per week werk:
 - 3 weksdae van 8 uur elk teen die normale tarief;
 - een nagskof van 6 uur teen 'n tarief van een en 'n half keer die normale tarief;
 - een volle naweek (oortyd) per maand van 8 uur per dag teen dubbel die normale tarief. Vyf werknemers werk elke naweek.
 - LBS-afrekening is 18% van totale lone.
 - Afrekkings vir WVF en Vaardigheidsontwikkelingheffing is beide 1% van basiese lone.
 - Pensioenafrekening is 7,5% en mediese fondsaftrekening is 5% van basiese (normale tyd) lone.
 - Die maatskappy dra R2,00 by vir elke R1,00 wat vir pensioen en mediese fonds van lone afgetrek word. Die werkgewer se bydraes word teen die salarisse-en-lone-rekening gedebiteer. Die werkgewer dra 1% van die basiese lone tot die WVF en Vaardigheidsontwikkelingsfonds by.
 - Al die werknemers kom hul pligte na.
- Die fabrieksvoorman verdien 'n jaarlikse salaris van R120 000. Die maatskappy dra 1% tot WVF en 8% tot 'n pensioenfonds by.

3. Grondstowwe:

- Direkte materiaal vir kontant en op krediet gekoop, R967 680.
- Direkte materiaal aan verskaffers teruggestuur, R50 850.
- Leer vir die stewels is uit Maleisië ingevoer teen 'n koste van Maleisiese ringgit (ook bekend as Maleisiese dollar) RM 20,50 per m². Altesaam 900 m² leer is gedurende die jaar gekoop. Die wisselkoers is R3,46 tot die RM (Maleisiese dollar).
- Ram Couriers het die leer vervoer teen 'n koste van R6 030.

4. Verkope vir die jaar het R4 004 000 beloop. Die verkoopprijs per paar stewels is R250,25.

5. Bedryfsuitgawes vir die finansiële jaar:

Administrasiekoste	340 000
Verkoops- en verspreidingskoste	285 000